



# Wittenberg Schule

Postbus 501; Piet Retief; 2380  
Telnr. 017 821 0665 / 071 604 2804  
Selnr. 071 604 3344  
Faks: 086 517 5294  
E-Pos: wittenbergadm@gmail.com



**Elternbrief 24/20**

**18. September 2020**

Sehr geehrte Eltern!

**Busroute:** Die Busroute in Piet Retief bleibt sowie letzte Woche.

**Morgens**

6:25 – Foodpack

6:30 - Ecke von Noorend/Burgerstraße (Frau Taljaards Haus)

6:35 – Dienssentrum

Der Bus wird dann beim Mall aus Piet Retief rausfahren.

**Mittags:**

14:30 - Dienssentrum

14:35 - Ecke von Noorend/Burgerstraße (Frau Taljaards Haus) 13:15 - Freitags

14:40 – Foodpack 13:55 - Freitags

**Prüfungsplan:** BITTE BEACHTEN: Der Prüfungsplan der 7. Klasse wird geändert wegen der Geschichtsfahrt:


**SW:** 30. September – 9 Oktober

**NW:** 2 Oktober – 12 Oktober

**Deutsch:** 6 Oktober – 7 Oktober

**Schultracht:** Ab den 28. September tragen die Kinder wieder jeden Tag Schultracht, kein gewöhnliches Zeug mehr.

Mit freundlichen Grüßen

  
KB Lijje



# Wittenberg Schule

Posbus 501; Piet Retief; 2380  
Telnr. 017 821 0665 / 071 604 2804  
Selnr. 071 604 3344  
Faks: 086 517 5294  
E-Pos: wittenbergadm@gmail.com



**Omsendbrief 24/20**

**18. September 2020**

Geagte ouers

**Busroete:** Die busroete sal bly soos verlede week.

Soggens

6:25 – Foodpack

6:30 - Ecke von Noorend/Burgerstraße (Frau Taljaards Haus)

6:35 – Dienssentrum

Der Bus wird dann beim Mall aus Piet Retief rausfahren.

Middag:

14:30 - Dienssentrum

14:35 – Hoek van Noorend/Burgerstraat (Me. Taljaards se huis) 13:15 - Vrydag

14:40 – Foodpack 13:55 – Vrydag

**Toetsrooster:** LET OP ASB: A.g.v. die Geskiedenisrooster word die graad 7 se toetsrooster verander:

**SW:** 30 September – 9 Oktober

**NW:** 2 Oktober – 12 Oktober

**Duits:** 6 Oktober – 7 Oktober

**Skooldrag:** Vanaf 28 September moet die leerlinge weer elke dag skooldrag dra, geen gewone klere meer nie.

Vriendelike groete

  
KB Lilje



# Wittenberg Schule

Posbus 501; Piet Retief; 2380  
Telnr. 017 821 0665 / 071 604 2804  
Selnr. 071 604 3344  
Faks: 086 517 5294  
E-Pos: wittenbergadm@gmail.com



## STAPTOER 2020

### Kortliks die reëlings vir Woensdag, 23 September 2020

1. Ons stap weer in die omgewing van Wittenberg en sal by die koshuis eindig.
2. Die staptoer is vir al die kinders in die skool.
3. Ons nooi ook alle ouers om saam te stap. Dit sal weer 'n baie mooi roete wees. Ons is bly oor elke ouer wat saamstap. Voorskoolkinders is ook welkom, mits die ouers saam kom!
4. Ons sal sorg dat die kinders genoeg te ete en te drinke kry terwyl hulle stap. Vir middagetete kry hulle 'n hamburger en 'n sap. As u as ouer die dag saam met ons deurbring en ook 'n hamburger wil eet, moet u asseblief so op die afskeurstrokke aandui en **R50 per Hamburger** saamstuur. **Die R50 geld slegs vir ouers en voorskoolkinders.** Dit sluit ook 'n sappie in. **NB! Laat ons asseblief per WhatsApp op die Huiswerkgroepe weet indien julle gaan saam stap en saam eet.**
5. Let wel:
  - Leerlinge wat R1 200 en meer ingesamel het, ontvang hulle hamburger en sap verniet.
  - Leerlinge wat tussen R500 en R1 200 ingesamel het, moet R30 betaal vir hulle hamburger en sap.
  - Leerlinge wat minder as R500 ingesamel het, moet R50 betaal vir hulle hamburger en sap.
6. Die Quantum en die twee skoolbusse van PP en PR, vertrek die oggend die gewone tyd en ry die gewone roete.
7. Ons kom almal om 7:00 by die koshuis bymekaar. Daarna gaan ons probeer om almal in die skoolvoertuie in te pas. Ons vra dat ouers met bakkies wat nie wil stap nie ons help die leerlinge na die beginpunt te bring.
8. Sodra almal by die versamelpunt is, begin ons stap.
9. Die kinders mag swem terwyl die ete voorberei word. Daar sal altyd 'n personeellid aan diens wees om 'n oë oor die kinders te hou. Ouers wat voorskoolkinders saambring moet asseblief na hulle eie kinders kyk.
10. Die busse vertrek direk nadat geeët is. Ons wil poog om 12:00 te vertrek. Ons sal ouers op WhatsApp laat weet sodra busse vertrek..
11. As voorskoolkinders saamkom, moet ouers hulle vergesel. Onthou ook om kos en koeldrank vir hulle op die afskeurstrokke te bestel.
12. Die kinders hoef nie alles saam te neem na die versamelpunt nie. Die swemklere ens. kan die oggend by die koshuis gelos word. Vir die stap het hulle net hulle stapklere, hoed, ordentlike tekkies, sonskerm en water nodig. Daar sal langs die roete sap wees en appels om te eet.
13. Gedeeltes van die staproete is nie geskik vir stootwaentjies nie. Klein kinders sal dan gedra moet word.
14. Daar sal 'n snoepie wees by die koshuis.
15. Daar sal die keer geen springkastele en glybane wees nie. Miskien later in die jaar as dit warmer is.
16. **Onthou die skool is 24 en 25 September gesluit.** Skool begin weer Maandag, 28 September.
17. NB! As die weer nie saamspeel nie, sal Woensdag 'n gewone skooldag wees, met die verskil dat ons 12uur reeds sluit.
18. Skakel my by 071 604 3344 as u onseker is oor die reëlings.

Groete,  
Personeel